



## 'n Nuwe generasie predikante

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Wanneer ons in die tyd van 'n pandemie gekonfronteer word met vrae oor hoe ons kerk kan wees in moeilike tye van self-isolasie, spook die vraag oor die nuwe generasie predikante ook opnuut by 'n mens.**

Ek sal nooit my eerste Kerkgeskiedenis-klas van my derde jaar in 2017 vergeet nie. Ek en my klasmaats het met groot oë en opgewondenheid in ons harte gesit en wag vir prof Wim Dreyer. Ons het ons module oor die Kerkhervorming ironies genoeg behandel tydens die 500-jaar-herdenking van die Kerkhervorming in 1517. Ons was opgewonde om uiteindelik meer te leer van hierdie beroemde stuk geskiedenis van die Protestantse kerk.

Prof Dreyer begin toe die klas met 'n stelling wat ons almal uitgeboul het vir 'n tien. *Julle wat vanoggend hier voor my sit, is die nuwe generasie predikante. Dit gaan van julle vra om drasties nuut te dink oor kerkwees in die toekoms.* Soos skape wat pas deur hul getroue herder verlaat is, het ons almal hom verward aangestaar. 'n Stilte het oor die klas gekom en ons elkeen was binne ons eie gedagtes besig om te verwerk wat dit vir ons beteken.

Eers aan die einde van die module het ons as klas tot die insig gekom dat prof Dreyer opsetlik hierdie stelling aan ons gemaak het. Die rede: omdat dit ten nouste saamhang met wat tydens die Kerkhervorming plaasgevind het. Op 'n manier was hulle ook die nuwe generasie predikante van wie daar verwag is om drasties nuut te dink oor die toekoms van kerkwees. Tog het ons steeds onseker gevoel.

Ek is tans in my laaste jaar van my teologiese studies, die praktiese jaar in 'n gemeente. Ek het die groot voorreg om hierdie jaar by Gemeente Pretoria-Oos werksaam te wees. Tydens my eerste preekgeleentheid in die gemeente was die Covid-19-virus reeds so versprei dat ons nie meer kerk kon hou met gemeentelede teenwoordig nie, maar slegs deur gebruik te maak van 'n uitsending deur YouTube. Soos wat ek die trappe van die kansel betree en die leë kerkbanke voor my sien, eggo prof Dreyer se woorde weer in my kop. Die werklikheid van hierdie stelling breek toe baie vinniger aan as wat ek gedink het dit sou, in my finale jaar van studies.

Na die erediens verby is, word ek oorval met boodskappe van gemeentelede, vriende en familieledede wat almal kon deelneem aan die erediens. Van die boodskappe van so ver as China, Duitsland, Australië en Engeland. Dit is toe dat ek besef het dat ons nie bang hoef te wees om die nuwe generasie te wees nie. Dalk net eendag is dit ons voorreg om die grense van kerkwees verder te neem as wat enige derdejaarstudent ooit van kon droom...

**Sariné Potgieter**  
Finalejaar teologiestudent

## Lief en leed

- Sanet van Wyk, tesourier van die NHSV Hoofbestuur, se pa, **Louis du Plessis**, is aan die begin van die grendeltyd op Vrydag 27 Maart met gevorderde longontsteking gehospitaliseer. Sy toestand het versleg en hulle kon hom as gevolg van die grendeltyd nie besoek nie – die verpleegsusters het telefonies vir hulle terugvoer gegee. Sanet en haar suster kon hul pa op 2 April om die beurt vinnig besoek. Hy is oorlede op 7 April in die ouderdom van 78 jaar en 6 maande, en die roudiens het plaasgevind op 14 April, gelei deur ds Frikkie van Wyk, Sanet se eggenoot en predikant van Montana-Oos – haar een dogter wat in Engeland woon en familie en vriende, wat nie die roudiens kon meemaak nie, het die erediens via Zoom gevolg. Ons innige simpatie gaan aan Sanet, ds Frikkie en hul familie.
- Ds Innes Benade van Oudshoorn se pa, **Frederik Adriaan Benadé**, is Maandagaand 13 April oorlede. Ons innige simpatie gaan aan ds Benade en hul familie.
- **Mev FMJ (Lanie) van Jaarsveld**, weduwee van ds GJ (Gert) van Jaarsveld, is Dinsdag 14 April oorlede. Sy het in Middelburg gewoon. Ons innige simpatie gaan aan die familie. Ds Gert is op 18 Januarie 2017 in die ouderdom van 94 jaar oorlede.
- **Prof Piet Geysers** (emeritus/Meyerspark) ontvang steeds intensiewe mediese sorg nadat hy 'n hewige stryd teen septisemie gevoer het. Daar lê nou 'n lang pad van herstel voor. Sy vrou, Louise, en hul kinders betuig opregte dank aan almal wat hulle deur die krisis ondersteun het. Ons bid prof Piet en Louise die Heer se krag toe in hierdie moeilike tyd.



Mev Lanie van Jaarsveld



- **Die volgende predikante verjaar tot 24 April, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 16 April: Ds GPJ (Gerhard) Stoltz (ADV)
- Vrydag 17 April: Ds J (Joleen) Marx (Welgelegen-Pietersburg)
- Saterdag 18 April: Di JH (Hennie) Engelbrecht (Derdepoort) en JR (Jan) Kramer (emeritus/Elsburg)
- Sondag 19 April: Di HW (Henk) Calitz (Carletonville) en PJ (Pierre) Jacobs (Outeniqua)
- Dinsdag 21 April: Ds EJA (Edzard) van Baalen (Parkrand) en dr JA (Kobus) van Biljon (emeritus)
- Donderdag 23 April: Di F (Francois) Evert (Declercqville) en CJH (Casper) Steenkamp (emeritus)
- Vrydag 24 April: Ds HP (Herman) van den Berg (Elandspoort)

- **#hoop vir alma! Voorbidding vir Bybelgenootskappe**

- **Colombia:** Baie ontwortelde mense, veral vlugtelinge vanuit Venezuela, bevind hulle in die land. Hulle versoek voorbidding vir hierdie mense.
- **Venezuela:** Hulle beleef 'n tyd van sosiale, politieke en ekonomiese krisis, en vra voorbidding vir die veiligheid van hul vertaalspanne.
- **Paraguay:** Hulle vra: Bid asseblief vir ons projek, *Die lewe van Jesus*, wat daarop gemik is om kinders en die jeug te bereik met die Woord van God.

Hierdie noodnommer is beskikbaar om dringende sake gedurende die Covid-19-noodtoestand in Suid-Afrika onder die aandag van die lede van die Bestuurskomitee te bring: 066 109 8308.

## Gemeentes en bediening

- In die lig van die verlenging van die grendeltyd wat op 9 April aangekondig is, sal die personeel van die **Sinodale Dienssentrum** hul **dienste hervat op Maandag 4 Mei 2020**. Indien die situasie verander, sal daar weer daarvoor gekommunikeer word.

- Die Kommissie van die AKV het 'n **WhatsApp-groep** gestig vir **alle diensdoende predikante in gemeentes**, sodat hulle maklik en vinnig kontak kan maak tydens die grendeltyd. Daar is reeds uitnodigings aan predikante gestuur, maar baie van hulle het nog nie gereageer nie. Enige predikant van nog nie die uitnodiging ontvang het nie, word versoek om **dr Wouter van Wyk** so gou moontlik te kontak by 082 339 2332.
- Op die Kerk se amptelike webblad, [www.nhka.org](http://www.nhka.org), onder **Die Woord**, kan besoekers uitstekende **toerustingsmateriaal** vind. Daar is gedagtes vir elke dag, dagstukkies uit 2020 se *Bybelse Dagboek*, eredienste van verskeie gemeentes, preke vir verskillende tye van die kerkjaar, videomateriaal, en ander hulpbronne vir gemeentes. Laasgenoemde sluit in Bybelverhale vir kinders en inligting vanuit die Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB).



- **Dr Frikkie Labuschagne**, direkteur van die SGB, het onlangs die **Covid-19-hulplyn vir lidmate en predikante van die NHKA** bekendgestel. Die SGB vat hande met 'n gemeenskap van sielkundiges, beraders, begeleiers en terapeute wat bereid is om hierdie dienste *pro bono* en teen verlaagde tariewe beskikbaar te stel aan ons geloofsgemeenskap. Hierdie dienste is beskikbaar vir diegene wat nie toegang het tot mediese fondse nie en wat moontlik nie normale tariewe vir dié tipe dienste kan bybring nie. Gespesialiseerde psigiatriese en sielkundige ingrepe word hiervan uitgesluit. U kan een van die volgende persone kontak wat u sal help om met die regte terapeut/berader kontak te maak:

Prof Theuns Dreyer: 083 660 6486 / [proftheuns@gmail.com](mailto:proftheuns@gmail.com)

Mev Elna Esterhuizen: 079 878 6041 / [elna@esterhuizenconsulting.co.za](mailto:elna@esterhuizenconsulting.co.za)

Dr Frikkie Labuschagne: 082 873 6557 / [frikkie@nhk.co.za](mailto:frikkie@nhk.co.za)

Zoom en telefoniese berading is beskikbaar deur hierdie beradingsnetwerk. Individuele beradingsessies en groepondersteunings sal ook beskikbaar wees. Elna sal die versoeke verwerk en kanaliseer na die netwerk van beraders. Uiterste vertroulikheid sal gehandhaaf word, onderskryf deur die etiese beginsels van die onderskeie beradingsliggame en rade.

Die hulpdiens het ten doel om die impak van die Covid-19-omstandighede op die lewens van lidmate en geloofsgemeenskappe te verminder. Ons wil graag bydra daartoe dat die *Lock-in-Faith* periode onthou sal word as 'n periode waar die geloofsgemeenskap op spirituele, psigo-, sosiale en emosionele vlakke ondersteun is, en gegroei en verdiep het.

Indien daar binne die werkruimte van die NHKA nog hulp beskikbaar is, word u vriendelik versoek om Elna te kontak: [elna@esterhuizenconsulting.co.za](mailto:elna@esterhuizenconsulting.co.za).

- **GLOmedia.tv** is 'n inisiatief vanuit die Afrikaanse kerkgemeenskap wat Christelike kykstof in Afrikaans skep en beskikbaar stel. Die Afrikaanse kerke speel 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse gemeenskap, maar daar is min kykstof van uitsaaigehalte op die internet. Hoewel daar 'n intekenfooi van R49 per maand betaalbaar is vir toegang tot die volle inhoud van die platform, het die direksie van GLOmedia.tv besluit om nou in die grendeltyd gratis kykstof beskikbaar te stel. Dit sluit in dagboodskappe, eredienste en Bybelverhale vir kinders. Dis **gratis beskikbaar** op [www.glomedia.tv](http://www.glomedia.tv).
- Met die samesmelting van gemeentes Theresapark en Pretoria-Noord op 1 Januarie 2020 het **Gemeente Pretoria Noorderlig** tot stand gekom. Die volgende e-posadresse is vanaf 14 April 2020 in gebruik:
  - [admin@pretorianoorderlig.co.za](mailto:admin@pretorianoorderlig.co.za) vir gemeentekantoor, administratiewe beampte en skriba vir registrasie, mev Antoinette van Rensburg;
  - [finansies@pretorianoorderlig.co.za](mailto:finansies@pretorianoorderlig.co.za) vir Finkom-voorsitter, oudl Tinus Prinsloo;
  - [skriba@pretorianoorderlig.co.za](mailto:skriba@pretorianoorderlig.co.za) vir oudl Martinus Gouws; en
  - [predikant@pretorianoorderlig.co.za](mailto:predikant@pretorianoorderlig.co.za) vir die gemeentepredikant, dr Johan Bester.
Besoek die gemeente se webtuiste <https://pretorianoorderlig.co.za> vir meer besonderhede.
- **Ds Freddie Nortje** (emeritus/Bergsig) se selfoonnommer in die *Almanak* is verkeerd. Die korrekte nommer is 076 534 7716.

- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul **50-jarige bestaan**. Die **feestyd** strek van **6 tot 9 Augustus 2020**. Alle oudlidmate is hartlik welkom om die geleentheid by te woon. Hiermee ook 'n vriendelike versoek dat indien daar oudlidmate is wat foto's en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by [wilred6@gmail.com](mailto:wilred6@gmail.com) of die kerkkantoor by [nhgbw@lantic.net](mailto:nhgbw@lantic.net). Meer inligting sal later volg.

## Kerklike publikasies

- Met die woorde *Om sy kop op te lig en na die son toe te draai, is 'n besluit wat 'n sonneblom elke dag maak...*, begin die NHSV 'n nuwe reeks artikels met die klem op persoonlike geestesgesondheid. In die **Herfs-uitgawe van Vroueflitse** vertel Ronél Bezuidenhout wat *Binnepret* in al sy variasies beteken vir ons in vandag se tyd. Aansluitend hierby beskryf Marilizé Beukes die waarde van *Om jou bed op te maak...* Jou fisiese en geestesgesondheid is belangrik sodat jy vir ander om jou 'n inspirasie en voorbeeld kan wees. Jy moet na jouself ook kyk – ander mense het jou ook nodig! Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.



## 'n Gedig

### Oorbevolking

al het ons te min plek om nog rond  
te loop of leeg te lê al moet ons op mekaar  
trap wees onbesorg daaroor daar  
is vir molekules in die grond

oorgenoeg tuiste en oorgenoeg plek  
vir drome en ideale vir siel en bewussyn  
genoeg oop ruimtes vir die brein  
in die ewigheid wat hom steeds sirkumpolêr uitstrek

### TT Cloete

(Uit: *Jukstaposisie*, 1982)

## Barmhartigheid

- Die **Algemene Diakensvergadering** bestaan uit diakens uit ons gemeentes, daarom geld die beginsel dat die ADV deur ons gemeentes wil werk. Hulp is beskikbaar vanuit die **ADV Rampfonds** vir diakens om hulp te verleen op grondvlak. Stuur asseblief 'n e-pos met u versoek na [diens@diakens.co.za](mailto:diens@diakens.co.za). Sodanige versoek moet via die ringskommissie gedoen word. Die beginsel geld altyd dat waar 'n gemeente hulp nodig het, die versoek eerstens na die ringskommissie gestuur word. Indien die ring nie kan help nie, sal die ADV hulp verleen. 'n Bevestigende skrywe vanaf die ringskommissie sal die ADV help om die aansoek vinniger te oorweeg.

Gemeentes, individue en besighede wat 'n **bydrae** wil maak **tot die ADV Rampfonds** kan hul bydraes by die Raad van Finansies inbetaal met verwysing 16RAMP + gemeentenaam. Wanneer belastingvrystelling (Art 18A) verlang word, moet dit in Plesion NPC se rekening inbetaal word. Kontak ds Gerhard Stoltz by [gerhard@diakens.co.za](mailto:gerhard@diakens.co.za) vir die nodige inligting.

- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

## Allegaartjie

“In die literatuur oor 'n ekoteologie word graag na Franciskus van Assisi verwys wat na aan die aarde gelewe het; die son was sy broer en die maan sy suster. Ek was verstom toe ek onlangs foto's sien van die kanale in Venesië wat meteens skoon is en daar visse in swem! En dit alleen omdat die nywerhede vanweë Covid-19 produksie (en besoedeling dus) gestaak het. Dieselfde het gebeur met lugbesoedeling oor China. Nasa se satellietfoto's toon 'n ongelooflik skoner lug oor China omdat die aktiwiteite van nywerhede so drasties ingekort is. Kan dit wees dat Covid-19 ons hard terugbring aarde toe? David Korten bepleit 'n 'nuwe ekonomie' en skryf (my vertaling): 'Die eerste fatale fout van 'n selfvernietigende ekonomie is om die waarde van geld hoër te ag as kulturele waardes. Die tweede is om wêreldmarkte (*global corporations*) bo aktiewe gemeenskappe as die institusionele locus van beheer te beskou.’” (Prof Johan Buidendag, LitNet-nuusbrief 794 van 9 April 2020)

## Toerusting

- Lees gerus Pieter GR de Villiers se **onderhoud met prof Johan Buitendag, God en ons brose planeet**, oor prof Buitendag se twee *LitNet Akademies*-artikels: *Jy moet die aarde liefhê soos jouself* en *Die Klub van Rome se soeke na planetariese welsyn beskou deur die oë van 'n Gereformeerde teoloog*. Dit verskyn in die LitNet-nuusbrief 794 van 9 April 2020 en is op [www.litnet.co.za](http://www.litnet.co.za) beskikbaar.
- Kyk by [https://youtu.be/FtWFiG-rv\\_U](https://youtu.be/FtWFiG-rv_U) vir 'n opname van 13 April se aflewering van die **kykNET-program Prontuit**. Met die COVID-19-krisis is byeenkomste, ook geloofsbyeenkomste, verbied. Die meeste Suid-Afrikaners is gelowig, maar watter rol speel geloof in 'n moderne samelewing, en is dit belangrik? Wat is die rol van geloof in 'n krisistyd, soos nou met die koronavirus, of in tye van oorlog en droogte? 'n Paar mense, onder andere **dr Tanya van Wyk** (UP/Nederlandsprekende Gemeente), verduidelik hul perspektiewe.
- **Akademie konferensie: Bybelgenootskap 200 Donderdag 23 Julie**  
By Fakulteit Teologie en Teologiese Skool Potchefstroom  
Ter viering van 200-jarige bestaan van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika  
Vooruitskouing vir bekendstelling van *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* in November

## Hooftema

- Die impak van die Bybel in ons samelewing: verlede, hede en toekoms

## Subtemas

- Bybelvertaling in Suid-Afrika en/of Afrika
- Bybelinterpretasie in die Suid-Afrikaanse konteks
- Die impak van die Bybel in die samelewingstrukture (byvoorbeeld kuns, wetenskap, letterkunde, politiek, onderrig) en geloofsgemeenskappe

## Program

- Akademiese konferensie 23 Julie (R100 – sluit verversings en Donderdag se middagete in)
- Dinee 23 Julie (R110 – bespreking en betaling noodsaaklik teen 15 Julie)
- Toeligtingsessie deur die eindredaksie van die *Bybel: Direkte Vertaling* 24 Julie (R90 – sluit verversings en Vrydag se middagete in)
- Fietsrit en toeligting: Vanaf die Totiushuis na Krugerskaal 25 Julie (gratis)

**Registrasie vóór/op 15 Julie 2020 by [elsabe.labuschagne@nwu.ac.za](mailto:elsabe.labuschagne@nwu.ac.za).**

- **Brugbedieningskursus by UP**

**Week 1: 27-30 Julie**

**Week 2: 9-12 November**

Kursusleier: Prof Malan Nel

Koste: R2 500 (BTW ingesluit)

Plek: UP

Kursuspunte: 70

Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / [hesmarie.bosman@up.ac.za](mailto:hesmarie.bosman@up.ac.za)

**Belangrik: Bevestig vooraf dat beplande byeenkomste wel sal plaasvind, in die lig van Covid-19.**

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**

**Saterdag 23 Mei**

Gesinspretdag en windbukskompetisie

Wen besondere mes – kaartjies R30 elk

Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem

Wenner word aangekondig op dié dag



- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**

**Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000**

Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies

Maak wins van 75% of 50%

Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie

1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid

Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag

**18 Augustus by Silver Lakes**

**Meer inligting:** Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / [gsdebeer@gmail.com](mailto:gsdebeer@gmail.com))

Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / [andries@rata.org.za](mailto:andries@rata.org.za))

Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za).

## Gebed vir die week

Hemelse Vader,  
U weet hoe moedeloos ek word wanneer ek kyk  
na die toestande wat in ons land heers.  
Daar is so baie mense wat swaar kry, Here,  
so baie mense wat basiese lewensmiddele kortkom.  
U weet, Here, dat ek nie meer lus is  
om die nuus aan te skakel  
of om soggens die koerant oop te maak nie –  
want al waarmee ek dag na dag gekonfronteer word,  
is haat en bitterheid, onrus en geweld.  
Here, ons volk en ons land het U so nodig.  
Ek bid vir ons land en sy mense, vir ons regering en leiers,  
vir blywende voorspoed, liefde en vrede.  
Dankie vir u belofte dat U die swaarkry van vroeër  
sal laat verdwyn en vir ons 'n nuwe toekoms sal gee.  
Doen dit asseblief vir ons, Here.

**Nina Smit**

(Uit: *Liefde maak alles anders*, 1998)